Die Lewende Kerk

Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 20 November 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Nagmaal en Doopdiens

Vandag se erediens word gelei deur Herman Coetzee

Lees: Joh 6: 47 – 58

Fokus: Joh 6: 51

Communion

Nagmaalbediening: ds Stephan Briel & Gordon Calmeyer

Doopbediening, baba van GK Jabavu: Rev. Leonard Baloyi

Omgee:

- Isébel Macleod het 'n kwaadaardige gewas in haar lewer.
- Martie Ackerman ontvang chemo behandeling.
- Chatye Rensburg is ook met kanker gediagnoseer.
- Jacques Moolman se pa is met 'n gewas op die brein gediagnoseer en ontvang chemo behandeling.
- Oom Johan Steyn se kanker het versprei na sy buik en hy gaan vir bestraling.
- Marie van der Merwe ervaar ergere buikpyne.

Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:☼

- Welkom aan almal by die gesamentlike diens van Bergbron en Jabavu!
- **Aanderediens** vandag om 17:30.
- Bergbron **Kerssangdiens DV Sondag 27 November om 18h00**. Nooi familie en vriende uit na ons Kerssangdiens!
- Volgende Sondagoggend (27 Nov) om 10h00 word daar DV 'n **Hosanna-program** op SABC 2 uitgesaai wat handel oor die "Victory in Jesus Christ" naweke in Soweto.
- **Kerkraadsvergadering Dinsdagaand** (22 Nov) om 19:00 in die kuierkamer.
- **Tee/koffie skinkbeurte** –Volgende Sondagaand vind die Kerssangdiens plaas en skink al die groepe.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Kerrie en Rys in die saal (Vandag)

Die diakens nooi almal uit na 'n heerlike ete in die saal na die diens vanoggend. Hulle het heerlike kerrie en rys voorberei en daar sal koeldrank wees saam met die ete.

Kerssangdiens

27 November om 18:00 by Bergbron

- Soos gebruiklik beplan die Vroue-aksie 'n heerlike kuiergeleentheid in die saal na afloop van die program in die kerk. Almal is welkom.
- Ons vra daarom asseblief dat elke gesin lekker groot borde soet en sout eetgoed sal bring, verkieslik iets wat maklik uit die hand geëet kan word.
- Daar is ook hulp nodig om die saal gereed te kry vooraf – Annette en Elma sal sê wanneer. Kom bied asseblief jou gewillige hande aan.
- Al die teeskinkgroepe is aan diens om die bediening en opwas na die tyd glad te laat loop – vele hande... ☺

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

24/11	LUCIENE BRUINDERS	060 692 2710
24/11	ISÉBEL MACLEOD	076 371 7463
26/11	RUAN VAN DER MERWE (1)	072 075 7617

Mag die Here jou oorvloedig seën

Gebed 101 – Bennie Mostert:

1. Aanbid Hom (Gebruik die Name van God)
Merk die Name van die **Vader, die Seun en die Heilige Gees** in die Bybel waar jy lees en gebruik dit tydens jou gebedstye. Hier is 'n paar voorbeelde:
God die Vader: Vader; Die Bron van alle standvastigheid en bemoediging (Rom.15:5); God van medelye; Genadige God (Eks.34:6), Die Algenoegsame en Die Almagtige God (Gen.17:1); Die Here wat voorsien; Die Here wat jou gesond maak; Die God wat rus en vrede gee; Die Een wat wonders doen; Die Oorvloedige; Die Ewig-teenwoordige Een; Muur van Vuur rondom ons; Toevlug vir die armes; Verterende Vuur.
Jesus: Die Weg, die Waarheid en die Lewe (Joh.14:6); Die Lam wat geslag is (Op.5:12), Die Begin en Voleinder van die geloof; Die Een wat deurboor is; Die Klip wat deur die bouers afgekeur is; Geneesheer; Enigste God; Opstanding en die Lewe; Redder van die wêreld; Voleinder van ons geloof.
Die Heilige Gees: Gees van vrymaking, insig, raad en sterkte, kennis en eerbied (vrees) vir die Here (Jes.11:2); Die Heilige Gees: Die Gees van genade en smeking, heiligheid, liefde, waarheid, krag, selfbeheersing, wysheid en openbaring van die kennis van God (Jes.11:2, 2 Tess.1:7); Die Heilige Gees ons Trooster en Voorspraak; Ewige en Alomteenwoordige Gees; Heilige Gees ons Helper; Die Gees wat rus gee.

Dank God: Maak tyd om vir God dankie te sê vir antwoorde op gebed, Sy guns, genade, ens. Dankbaarheid erken die soewereiniteit en goedheid van God en help ons om ons oë van onsself af weg te neem en op God te fokus. Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus (Ef.5:20)

2. Bid vir herlewing:
2a Sondebelydenis

- Is daar onbelyde sonde in my lewe? As daar sonde in my hart was, sou die Here nie geluister het nie. (Ps.66:18).
- Het ek onvergewensgesindheid en bitterheid in my lewe? As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie vergewe nie. (Matt.6:14-15).
- Is daar enige twyfelagtige praktyke of aktiwiteite in my lewe? Is daar dinge in my lewe wat ek nie regtig weet of dit God se wil vir my is nie? Vra julle voortdurend af of

iets vir die Here aanneemlik is. (Ef.5:10). Neem julle liewer voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot 'n val kan bring nie. (Rom.14:13). Alles is my geoorloof maar nie alles is nuttig nie. (1 Kor.6:12).

- Gehoorsaam ek die Heilige Gees in alle dinge? Soms weet ek in my binneste ek moet iets doen en is ek bang of skaam vir wat mense sal sê. En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie. (Ef.4:30); Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie. (1 Tess.5:19).

- Bely ek Jesus onbeskaamd? Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is. Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is. (Matt.10:32-33).

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf:www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076 867 3125, zooch234@gmail.com
Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)
Jeug en Koster – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com
Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 537 9770
Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023
Vroue-aksie – Annette Müller 082 449 2344 en Elma Mulder 082 416 4138
Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349
Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705
kantoor@bergbron.org.za
Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.
Ouderlinge: Wesley Abourizk 071 492 7395; Herman Coetzee 079 308 5404; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

16 Desember 2016 WATERVAL-GELOFTEFEESKOMITEE

- Die gemeente word vriendelik uitgenooi om die jaarlikse GELOFTEDIENS op 16 Desember by te woon.
- Die diens sal gelei word deur Dr Christo Naude, leraar van die NG-gemeente Lindenpark. Dit vind plaas by die gewone feesterrein in Waterval (Albert's Farm, Albertskroon) met ingang uit De La Reystraat, naby die T-aansluiting met Swazistraat uit Northcliff.
- Die verrigtinge begin om 0900. Daar is veilige parkering op die terrein en die Voortrekkers beplan om tee en koeksusters na afloop aan te bied.
- Indien u meer besonderhede benodig kan u vir Hennie Louw by 073 160 7343 skakel.